


ENTREPRENEURS

VAN



— 2020 —



Sewe Weke IV: Entrepreneurs van hoop...roep uit.

teks: Psalm 13

Psalm 13 (TT Cloete)

Hoe lank gaan U, o Here, my vergeet?
Ek vra of U van my nog weet.
Hoe lank gaan U van my af weg bly
kyk?
Moet al my dae kommervol verstryk?
Moet ek my planne self berei?
Hoe lank sal ek nog van die vyand ly?

In gesprekke met Christene klink dit soms asof hul dink dat God van ons verwag om in tye van geloofskrisisse te reageer met 'n glimlag. Om dit te staaf word tekste soos 1 Tess 5:16 aangehaal: “Wees altyd bly...Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus van julle verwag.” As ons hierdie teks oppervlakkig interpreteer kan dit klink asof God van ons verwag om in ontkenning te leef oor ons lyding en lewensvrae – wat natuurlik nie die geval is nie. Asof ons ons “swaarkry met lekkerkry klaarkry” soos CJ Langenhoven dit stel! Dit is wel waar dat ons as Christene nie moet toelaat dat swaarkry en lyding ons vreugde steel nie. Ons probeer daaglik die gebrokenheid *hoopvol* en met *vertroue* omarm. Maar dit is nie so eenvoudig om tot op hierdie punt te beweeg nie...

Deur die Psalms skep God vir ons die ruimte om eerlik te kan uitroep na Hom. Deur die woorde van gelowiges wat meer as drieduisend jaar terug geleef het hoor ons 'n rou eerlikheid wat mens half onkant betrap. Psalms leer ons om God te prys...al is daar trane in ons oë oor die ongeregtheid wat ons voel en sien. Die klaagpsalms(soos Psalm 13) is die musiek in die

mineur sleutel waar die digters probeer sin maak uit die “troue liefde van die Here”(13:6).

Om te *lament* beteken meer as bloot kla; dit beteken om te huil en te rou. Miskien dink jy dadelik dis bietjie negatief. Dit gee nie energie nie. Maar Jesus het gesê as jy wil bly wees dan moet jy huil. Jy moet leer om dit te doen. Hy sê dit as 'n rabbi met 'n tradisie en 'n kultuur waarin klag 'n baie belangrike rol gespeel het, en dis vir ons baie duidelik as ons na die Ou Testament kyk dat dit vol klag is. Daar is 'n hele boek, Klaagliedere, wat net hieroor gaan. Prediker, Job en 'n derde van al die Psalms fokus ook hierop. Klag was deel van hul geloofsrhythme...Dit is nou so 'n tyd vir ons: na Kersfees en Epifanie kom Lydenstyd.

Bybelse geskrifte sê vir ons dat jy nog nie klag gesien het as jy nie vir Israel gesien treur het nie. Hulle het gehuil as hulle 'n oorlog verloor het. As iemand doodgaan het hulle vir lang tye in *rou* gegaan. Dit was so deel van hulle lewe dat dit 'n beroep was. Daar was 'professionele' klaers/*lamenters*. In Jeremia 19:17 praat die Here deur die profeet en dan sê Hy dinge lyk nie goed nie, gaan haal die klaers om te kom huil, want hulle is opgelei daarvoor, en laat hulle ander leer en help om dit ook te kan beoefen. Hulle het dit met oorgawe gedoen: Hulle slaan op hulle bors en trek hulle hare uit. Hulle skeur hulle klere. Hulle gaan sit op 'n ashoop soos Job en gooi as oor hulle koppe.

Vandag? Dis vir ons vreemd... Ons leef bietjie in 'n kultuur van ontkenning. Ons is versigtig om te wys wat binne ons aangaan – veral voor God en mede-Christene. Ons antwoord mekaar in tye van nood met “Goed dankie!”. Die Jode het hul totaal oorgegee aan eerlikheid sodat hulle kon *sin maak*

uit dit wat die lewe na ons toe bring. Daardie gevoel van: Daar is nie genoeg liefde nie. Daar is net pyn en verdriet. Daar is nie genoeg skoonheid nie. Daar is nie regverdigheid nie, en ek kan dit nie aanvaar nie. Soos Rob Bell so treffend sê: “Lament(klag) expose the dangerous truths we're inclined to suppress”.

Hoekom moet ons uitroep na God? As ons dit nie doen nie, beweeg ons na 'n *fantasiewêreld* of 'n *bitter wêreld*, en ons sleep vir God ook daarheen...Soveel so dat jy in jou geloofslewe breek met die realiteite van die lewe. Jy raak bitter, jy verwyd. Hoe kon hulle dit aan my doen? Jy is kwaad. Jy sit met hoë aggressie binne in jou. Jy verwag die heelyd 'n redder, iemand wat sal kom om reg aan jou te laat geskied, om die onreg wat aan jou gedoen is weg te neem, en jy is vasgevang in daardie wêreld, soos die oudste seun in die gelykenis van die verlore seun, bitter. “Ek het so hard gewerk en kyk wat gebeur met my...” Die lewe is onregverdig.

Daar is 'n dood wat moet plaasvind. Die lyding waarmee jy sit, maak van jou lewe iets anders as hoe dit vroeër was... Ons moet dit laat gaan sodat ons kan aanbeweeg, sodat daar 'n opstanding kan kom. Jy draai jou gesig ná God al voel dit of Hy rugkant na jou toe leef: *Hoe lank nog...Here?* (13:1) Hoekom gebeur hierdie goed? Dit is om met die deur in die huis te val en net te begin praat, want dit veronderstel 'n onvoorwaardelike liefdesverhouding tussen jou en God waar ek nie hoef te verduidelik nie. Daar is soveel meer as die woorde – daar is gevoelens, 'n storie, 'n lewe saam met God. Dit is om te weet God kan die gapings invul en niks wat ek sê gaan maak dat Hy minder of meer lief is vir my nie. Daar moet nuwe lewe kom, en dit gaan met pyn gepaard gaan. *Lament* is die Bybelse manier om daarmee te werk. Jesus praat met sy dissipels en sê (Matt 16): “Moenie weghardloop van lyding nie; omarm dit.” En in Matt 5:4 “Geseend is die wat treur want hulle sal vertroos word...”

Die meeste klaagsalms bevat drie

sluetelemente. Dit is nie altyd in 'n lineêre volgorde nie, want dit is poëtiese en musikale uitdrukking. Daar is egter 'n patroon wat nie net waargeneem kan word nie, maar ook beoefen kan word as ons vreugde anderkant die horison verdwyn... Die drie elemente is:

1) om in gebed tot God ons klagtes eerlik te **verwoord** (definiëer die realiteit),

2) om met vrymoedigheid te **vra** waarna ons honger (voel jou gevoelens),
3) en om met **vertroue** vas te hou aan God se liefde (heroriënteer jou lewe)

Op verskillende maniere kan ons identifiseer met Dawid se woorde in Psalm 13... Ons dink aan die onverklaarbaarheid van die dood van 'n kind – nie net ons kinders nie, maar ook 8 jarige Tazné van Wyk wat die afgelope week sinneloos vermoor is. Ons almal ken sulke stories van individuele én gemeenskaplike rou en hartseer. Stories waar ons hele land sy asem ophou oor plaasmoorde, en hul tragedie ons tragedie geraak. En die realiteit van die geweld teen vroue en kinders ons tref, en die pyn en vroe net nóg meer raak. En dit raak 'n dieper rou: ons treur oor die verlies aan veiligheid; dat ons nie meer veilig voel in ons eie huise nie. Ons rou oor ondeurdagte uitlatings deur ons land se leiers en voormalige presidente. Want, soos Thomas Merton sê: “God is te **werklik** om enige ander plek as in die **werklikheid** te wees.”

Hierdie uitroep is geloofs-stemme wat in alle eerlikheid met God praat oor benoudheid en vrees en smart. En hierdie woorde gee vir ons taal en *toestemming* om ons hartseer *voor God* te verwoord as deel van ons aanbidding.

Kathleen O'Connor sê: “*Lament names what is wrong, what is out of order in God's world, what keeps human beings from thriving in all their creative potential. Simple acts of lament expose these conditions, name them, open them to grief and anger, and make them visible for remedy.*”

Wanneer ons **uitroep** na God, doen ons dit nie uit ongeloof nie(soos Christene soms sê), maar juis in **geloof!** “God is in die dorre én die oorvloedige plekke. Klag beteken dat ons erken dat God in elke stukkie van die lewe teenwoordig is; dat die lewe beide brutaal en beeldskoon is.” Rethie van Niekerk. Dit is nie 'n goedkoop vorm van terapie waar ons net ontslae raak van ons emosies nie. Nee, ons rig ons diepste vroe na 'n adres: na God...sodat God ons kan sien en hoor in ons volle menswees.